


# St. Demetrius die Groot Martelaar

## 8 Oktober

(4de Eeu)

Hy is een van die gewildste heiliges
van Oos-Europa waar hy vereer word as
Demetrius Megalomartyrius (die Groot Martelaar).
Sover bekend was hy ’n soldaat wat tydens die vervolgings
van die Christene onder keiser Maximiianus die marteldood
in Sirmium (die moderne Mitrovica in Kosovo) gesterf het.
Hy het glo geweier om ’n keiserlike bevel uit te voer
om die Christen bevolking van Salonika te vervolg.
In die Middeleeue was sy graf ’n belangrike pelgrimsoord.

© Die Oratorium Uitgewery